**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2016

# GESKIEDENIS V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2 (V2)** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40% (20)** |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30% (15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓ ✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

  __________ . ________________________ . __________________
  ________________ . __________________________ . __________
  √√√√

Vlak 2
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 **Globale assessering van ŉ opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ∧
- Verkeerde stelling ____
- Irrelevante stelling ▮
- Herhaling **R**
- Analise **A**√
- Interpretasie **I**√

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | 26–27 |
| A | VLAK 3 | |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## NASIEN-MATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | **VLAK 7** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | **VLAK 5** <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 4** <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3** <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | **VLAK 2** <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1** <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

* **Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE OP SUID-AFRIKAANSE STUDENTE IN DIE 1970's GEHAD?

1.1 1.1.1 *[Verduideliking van historiese begrippe vanaf Bron 1A–V1]*
- Swartes moet trots wees op hulself
- Swartes moet dinge vir hulself doen sonder die hulp van blankes
- Doel was om swartes bewus te maak van hul politieke, ekonomiese en kulturele regte
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van historiese bewyse vanuit Bron 1A–V1]*
- SASM
- BPC
- SASO (Enige 2 x 1) (2)

1.1.3 *[Verduideliking van historiese begrippe vanuit Bron 1A–V2]*
- Die boek was bevooroordeeld en het swartes in 'n minderwaardige lig geplaas
- Dit was frustrerend en beledigend
- Blankes het swartes uitgebuit
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron1A–V2]*
- Hulle het bewus geword van die Swartbewussynsfilosofie
- Hulle het opgestaan vir hul regte en aangedring op gelyke opvoeding
- Wys uit die verontagsaming van Bantu Onderwys
- Kleurling leerlinge het die eksamen op die boek *Swart Pelgrim geboikot*
- Hulle beïnvloed om selfstandig te wees
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interaksie met Bron 1A om die bruikbaarheid van die bron te bepaal–V3]*
- Dit wys die invloed van BC op die studente
- Dit beklemtoon die opkoms van organisasies wat BC bevorder
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron B–V1]*
- vasberadenheid
- toewyding
- gevoel van doelgerigtheid
- duidelikheid oor die analise van die situasie (Enige 4 x 1) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.2.2 *[Verduideliking van bewyse vanuit Bron 1B–V2]*
- Minderwaardige opvoeding
- Lewenskoste was hoog
- Hou rigting/doelwitte in die lewe hê
- Toename in huurgeld
- Hoë werkloosheid
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1C–V1]*
- Die afdwinging van Afrikaans as medium van onderrig (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1C–V2]*
- Wys dat studente gekant was teen Afrikaans as medium van onderwys
- Wys dat leerlinge met 'n optog begin
- Wys dat leerlinge verenig was in hul stryd vir beter onderwys
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Evaluering van betroubaarheid van Bron 1C–V3]*
- Betroubaar – primêre bron
- Die inligting kan geverifieer word
- Die foto lê die gebeurtenis vas soos dit gebeur het
- Ware refleksie van die houding van die leerlinge
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1D–V2]*
- Alle mense sal gelyk wees
- Land besorgd oor die menslikheid en welvaart van hul mense
- Geen ras is meerderwaardig as 'n ander nie
- Einde van Apartheid
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1D–V2]*
- Bedreiging vir die apartheidsregime
- Swartes beïnvloed om teen apartheid te rebelleer
- Het Swartes, Indiërs en Kleurlinge verenig
- Hy het die rol vervul toe die ANC verban was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1D–V1]*
- die ontploffing van trots onder die slagoffers van apartheid (1 x 2) (2)

1.4.4 *[Onttrekking van bewyse vanuit die Bron 1D–V1]*
- onthulling van standbeeld
- hernoeming van brug
- benoeming van sy Ginsberghuis as 'n nasionale monument(Enige (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.5 *[Interpretasie en evaluering van bewyse vanuit die relevante bronne–V3]*
Kandidate moet op die volgende fokus:

- SBB het hoop en impetus gegee aan die vryheidstryd
- Dit het die selfvertroue van die jeug herstel (Bron 1A)
- Het swart trots bevorder (Bron 1B)
- SBB het leerlinge opgevoed om op te staan vir hul regte (Bron 1A)
- Bevorder eenheid in die stryd teen die apartheid regering
- As gevolg van SBB was hulle verenig in hul stryd om die kettings van apartheid onderdrukking te breek (Bron 1C)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek vir die puntetoekenning:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ʼn elementêre manier, bv. **wys min of geen begrip van die impak van Swartbewussyn op Suid-Afrikaanse student in die 1970's**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ʼn onderwerp te rapporteer, of kan nie oor ʼn onderwerp rapporteer nie | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en verwys tot ʼn groot mate na die onderwerp, bv. **toon ʼn begrip van die impak van Swartbewussyn op Suid-Afrikaanse student in die 1970's**<br>• Gebruik bewyse op ʼn basiese manier | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik gepaste bewyse bv. **Demonstreer ʼn deeglike begrip van die impak van Swartbewussyn op Suid-Afrikaanse studente in die 1970's**<br>• Bewyse verwys goed na die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf wat ʼn begrip van die onderwerp wys | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISIE (WVK) MET DIE VERLEDE GEDEEL?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A–V1]*

- verskrikkinge
- die pyne
- ellendes
- beroering (bekommernisse)
- lusteloosheid (toestand van fisieke en geestelike moegheid)

(Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A–V1]*

- Hulle wou die samelewing help om vorentoe te beweeg

(1 x 1) (1)

2.1.3 *[Verduideliking van begrippe vanuit Bron 2A–V1]*

- Om vir anders te gee wat jy vir jouself wil hê
- Om nasionale eenheid te bevorder
- Om menslik te wees
- Ons kan nie in isolasie leef nie
- Ek is wat ek is deur wie ons almal is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Verduideliking van historiese konsepte vanuit Bron 2A–V1]*

- Voorsiening van hulp aan slagoffers sodat hulle kan aan beweeg
- Hulp deur die voorsiening van toekennings, beurse, maatskaplike pensioen en behuising
- 'n Bedrag van R30 000 vir die slagoffers van menseregteskendings of menseregteskendings
- Kompensasie vir die verlies van geliefdes
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2B–V2]*

- Sy wou die waarheid oor haar seun se dood hoor
- Sy wou die oortreders sien
- Sy wou afsluiting kry
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2B–V2]*

- Sy het nie sy liggaam/oorskot gehad om hom te begrawe nie – slegs sy hare
- Dus die enigste herinnering van haar seun wat sy gehad het
- Sy wou weet wie haar seun leed aangedoen het
- Die hare kon gebruik word as bewyse
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2C–V1]*

- Geskiet in sy agterkop
- Op 'n brandstapel geplaas om te brand (Enige 1 x 1) (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2C–V1]*
- Kol. du Plessis
- Gen. van Rensburg (2 x 1) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2C–V2]*
- Harmskommissie was deur die Nasionale Party aangewys
- Hy het gevoel dat hy reg was met dit wat hy gedoen het
- Hy het nie verwag dat getuienis sou lewer voor die WVK nie
- Hy wou amnestie kry
- Hy het voor die kommissie gelieg aangesien hy geweet het dat hulle nie die saak verder sou voer nie/hy sou nie tronk toe gaan nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2C–V1]*
- Hy het die ontvoering en skiet van Mnr. Madaka en Mnr Mtimkulu op April 14, 1982 erken (1 x 2) (2)

2.3.5 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2C–V2]*
- Toe haar seun sterf was haar hare swart
- Na 20 jaar het haar hare grys/wit geword
- Dit wys dat dit haar 20 jaar geneem het om afsluiting te vind
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse vanuit Bronne 2A en 2C–V3]*
- 2A – praat van pyne, verskrikkinge en ellendes wat slagoffers moes lei
  2C – ondersteun toe Mev. Mtimkulu ineengestort het nadat sy die lyding tydens die verhoor herleef het
- 2A – oortreders vra vir amnestie deur spyt te toon
  2C – Dit word ondersteun wanneer Gen. van Rensburg voor die amnestie-verhoor erken dat hy by die moord op Siphiwo betrokke was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2D–V1]*
- Suid-Afrikaanse Veiligheidstakbom, wat versteek was in die oorfone van die Walkmankassetspeler, wat ontplof het (1 x 2) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D–V2]*
- Hy is die broodwinner, en toe hy sterf het hul hoop ook daarmee heengegaan
- Hulle kan nie hul lewens sonder hom voortsit nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2D–V1]*
- "Wat kan hulle nou vir my doen" (1 x 2) (2)

2.5.4 *[Evaluering van bruikbaarheid om dit te regverdig uit Bron 2D–V3]*

**Bruikbaar**
- Wys die impak van die verlies van geliefdes op die oorlewendes
- Dit wys hoe en waarom aktiviste tydens apartheid doodgemaak was
- Dit wys dat oorlewendes 'n mate van kompensasie gesoek het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse vanuit bronne en eie kennis om eie argument te vorm–V3]*

**Die WVK was suksesvol om met die verlede te deel.**

- Het verhoudinge tussen wit en swart Suid-Afrikaners verbeter (Bron 2A)
- Sommige slagoffers het vergoeding vir hul verliese ontvang
- Het gehelp met die proses van nasie-bou (Bron 2B)
- Het gehelp met versoening
- Het amnestie toegestaan (Bron 2C)
- Beide konflikterende kante het kom getuig
- Baie vermiste slagoffers was geïdentifiseer, graftes was opgespoor en opgegrawe om ordentlik deur familie begrawe te word
- Slagoffers het uitgevind wat werklik tydens die apartheidsjare (Bron 2C) gebeur het
- Enige ander relevante antwoord

**Die WVK was tot in ’n mindere mate suksesvol om met die verlede te deel.**

- Sommige oortreders het nie voor die WVK verskyn nie (Bron 2D)
- Sommige slagoffers wou hê dat die oortreders gestraf moet word
- Sommige het die WVK as ’n heksejag beskou (Bron 2A)
- Amnestie was kontroversieel (Bron 2D)
- Dit het ou pynlike wonde weer heropen (Bron 2B)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek vir die puntetoekenning:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre manier, bv. **wys min of geen begrip van hoe die WVK met die verlede gedeel het nie**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ’n onderwerp te rapporteer, of kan nie oor ’n onderwerp rapporteer nie | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en verwys tot ’n groot mate na die onderwerp, bv. **toon ’n begrip van hoe die WVK met die verlede gedeel het**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik gepaste bewyse bv. **Demonstreer ’n deeglike begrip van hoe die WVK met die verlede gedeel het**<br>• Bewyse verwys goed na die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp wys | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN GLOBALISASIE OP DIE LEWENS VAN GEWONE MENSE IN DIE NUWE WÊRELD-ORDE?**

3.1 3.1.1 *[Omskrywing van konsepte vanuit Bron 3A–V1]*
- Die handel van nasionale en kulturele hulpbronne op 'n internasionale vlak met betrekking tot handel, ekonomie en tegnologie
- Proses wat wêreldwye handel bevorder
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Verduideliking van bewyse vanuit Bron 3A–V1]*
- Voordeel trek vanuit handel
- Kan ekonomies groei
- Maatskaplik groei
- Hoër inkomste
- Hoër GDP
- Enige ander relevante antwoord (Enige 3 x 1) (3)

3.1.3 *[Bruikbaarheid van bewyse vanuit Bron 3A–V3]*
- Elke land kan voordeel trek uit handel
- Lande kan uitbrei en hoër inkomste bereik
- Kan die GDP verhoog
- Beide ryk en arm geglobaliseerde lande kan groei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3A–V2]*
- Inkomste van die rykes vermeerder in vergelyking met die van die armes
- Die rykes bly ryker en die armes word armer
- Alhoewel daar handel tussen die ryk en arm lande is trek die ryker lande altyd voordeel vanaf die armer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3B–V2]*
- Hulle het finansiële hulp aan arm en onderontwikkelende lande voorsien
- Het ekonomiese hulp aan arm en onder-ontwikkelende lande voorsien
- Hierdie lande sal voorbestaan en kompeteer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3B–V2]*
- Die hulp sou nie die probleme van die armes oplos nie
- Die IMF/Wêreldbank moet hulp aan alle arm lande beskikbaar stel
- Die IMF/Wêreldbank moet nie reëls toepas vir die toekenning van lenings nie
- Arm lande kan nie die lenings terugbetaal nie en daarom raak die lande wat die lenings toestaan ryker
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3C–V1]*
- IMF
- Wêreldbank
- WHO (3 x 1) (3)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3C–V1]*
- Om die plan van privatisering deur te voer
- Deregulasie
- Vryhandel (Enige 2 x 1) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3C–V2]*
- Indien jy uitvoer, het jy meer geld om lenings af te betaal en niks vir eie gebruik nie
- Produseer luukse gewasse vir uitvoere
- Beskerming van hul eie mense is opgegee om buitelandse beleggings aan te trek
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3C–V2]*
- Die lande is in skuld/bankrot
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3.5 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3C–V1]*
- Om buitelandse beleggings te lok (1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3D–V1]*
- gebrek aan behoorlike behuising
- gebrek aan behoorlike klerasie
- swak lewensomstandighede
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3D–V2]*
- Wêreldekonomie word gedomineer deur die ryk lande
- Die wêreldekonomie word gedomineer deur die industriële lande
- Dit het arm lande in skuld gedompel
- Arm lande kon nie met ryk lande meedeel nie
- Arm lande het rou produkte na die ryker lande uitgevoer wat verkoop was as 'n klaarproduk
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Vergelyking van Bronne 3C en 3D–V3]*
- 3C – lande produseer nie vir plaaslike verbruik nie
  3D – ondersteun Bron 3C want dit wys dat die mense ondervoed is
- 3C – armer lande betaal hul lenings af
  3D – bewyse van swak klerasie en onvoldoende behuising
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.6 *[Interpretasie, analise, en sintese van bewyse om en eie kennis om oorspronklike argument te vorm]*

**Kandidate moet standpunt inneem of op beide die positiewe en negatiewe aspekte van globalisasie fokus.**

**Kandidate moet op die volgende in hul respons fokus.**

**Positief**
- Bring vooruitgang met "fast food chains" (Bron 3A)
- Vooruitgang in kommunikasie, vervoer en infrastruktuur
- Interaksie van kulture is moontlik gemaak (Bron 3D)
- Produseer meer uitvoere wat meer geld ingebring het, ens. (Bron 3C)
- Die globale mark is meer ontwikkel as voorheen (Bron 3C)
- Deur die IMF en WHO is internasionale handelsbeleide gestandaardiseer (Bron 3C)
- Enige ander relevante antwoord

**Negatief**
- Ekonomies van die wêreld gedomineer deur groot maatskappye (Bron 3D)
- Arm lande het geen toegang tot behuising, klerasie en beter lewensomstandighede nie (Bron 3D)
- Inheemse kulture het gelei onder die universele kulture (Bron 3C)
- Uitbuiting van natuurlike hulpbronne/Pryse van rou materiaal was laag/lande trek nie voordeel uit winste nie (Bron 3A)
- Uitbuiting van arbeid (Bron 3D)
- Opeenhoping van skuld deur arm lande (Bron 3A)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek vir die puntetoekenning:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, **bv. wys min of geen begrip van die impak van globalisasie op die lewens van gewone mense in die Nuwe wêreldorde**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te rapporteer, of kan nie oor 'n onderwerp rapporteer nie | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en verwys tot 'n groot mate na die onderwerp, **bv. wys min of geen begrip van die impak van globalisasie op die lewens van gewone mense in die Nuwe wêreldorde**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik gepaste bewyse **bv. wys min of geen begrip van die impak van globalisasie op die lewens van gewone mense in die Nuwe wêreldorde**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp wys | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

SINOPSIS
Kandidate moet fokus op die aanpassing van die apartheidsbeleid en die maatreëls wat Botha aangeneem het om nie-blankes verder te verdeel. Hulle moet wys hoe dit die teenoorgestelde effek gehad het en gelei het tot massiewe interne weerstand wat uiteindelik tot die vernietiging van apartheid sou lei.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstel aandui:

**Inleiding:** Kandidate moet aandui tot watter mate die interne weerstand die apartheid regime teengestaan het in die 1980's.

**Uitbreiding:**
Grotendeels
- Botha se Totale strategie en totale aanslag beleid
- Hervormings – 1983 nuwe grondwet en Driekamerparlement
- Totstandkoming van die UDF (*'Don't vote' campaign, 'Million Signature' campaign*)
- Massabetogings in Swart Townships in 1984/5
- Protesoptogte in Langa
- Skoolboikotte gelei deur COSAS in 1983 en 1985
- Gemeenskappe en die huur boikotte bv. Vaal driehoek en Soweto in 1984
- Totstandkoming van COSATU en ander werkersunies
- Wegbly-aksies in Mei-dag en NUM staking van 1987
- Verklaring van die "*State of Emergency*" deur die PW Botha regering
- Totstandkoming van die MDM in 1989 en die *Defiance Campaign*
- Die Rol van *Black Sash*
- Kerkorganisasies – SARK – se oproep op buitelandse maatskappye om te weier om die beleid van werkreservering toe te pas
- *Black Sash*
- SARK
- Einde van Militêre Diensplig
- Enige ander relevante antwoord

**Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante samevatting saamvat.

**Indien kandidate aandui dat die stelling nie akkuraat is nie moet hulle hul argument ondersteun met relevante voorbeelde.** **[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

SINOPSIS
Kandidate moet fokus op die rolle van die NP en ANC as hoofrolspelers, maar moet ook in ag neem die rol wat deur *Inkhata*, AWB, KP en die Kommunistiese Party gespeel was.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstel aandui:

**Inleiding:** Kandidate moet aandui of hulle saam stem met die stelling of nie en daarop uitbrei.

**Uitbreiding:**
Kandidate moet die volgende insluit:

- Die proses van onderhandelinge (i.e. Groote Schuur Minuut, Pretoria Minuut)
- Vasberadenheid van die ANC om die gewapende stryd te hersien
- CODESA I – ondertekening van die "*Declaration of Intent*" gemik op die stigting van 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika
- Slegs-Blanke referendum het De Klerk 'n duidelike mandaat gegee om voort te gaan met onderhandelinge
- CODESA II misluk
- Verhoogde geweld (bv. Boipatong, Bhisho, ens.)
- Rekord van Verstandhouding en die hervatting van onderhandelinge/Rol van Ramaphosa en Meyer
- Dood van Hani en Mandela se pleidooi om vrede
- Sonsondergang-klousule
- Bestorming van die *World Trade Centre*
- Finale ooreenkoms bereik
- 1994-verkiesing
- Enige ander relevante antwoord

**Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante samevatting saamvat. **[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'n NUWE WÊRELD-ORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

SINOPSIS
Kandidate moet saam of teen die stelling stem en uitbrei hoe die ineenstorting van kommunisme beide die ANC en die NP geforseer het om vir 'n beter toekoms vir alle Suid-Afrikaners te onderhandel.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstel insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet fokus op die ineenstorting van kommunisme, die impak op die ANC, die impak op die Nasionale Party, die onafhanklikheid van Namibië en die onafhanklikheid van Angola.

**Uitbreiding:**
Indien kandidate saam stem met die stelling moet hulle op die volgende punte uitbrei:

- Beleid van *Glasnost* en *Perestroika* het die weg gebaan vir beide die ANC en NP om te hervorm
- Daar was druk van supermoondhede om 'n vreedsame oplossing na te streef
- Die ANC moes sy posisie heroorweeg en erkenning kry vanaf Westerse lande
- Die verdwyning van Marxist-Leninistiese state en die val van die Berlynse Muur het die ANC geaffekteer
- De Klerk het hervorming bepleit
- USSR-ekonomie kon nie hulp na Afrika-lande en die ANC volhou nie
- Suid-Afrika se ekonomie daal in 1989
- Die ANC se stryd tot selfbestuur begin
- Die ANC en die NP moes 'n vreedsame en werkbare oplossing vind
- Die apartheidsregering het die geleentheid aangegryp om met die ANC te onderhandel want die bedreiging vanaf Rusland het nie meer bestaan nie
- Beide die ANC en die NP het kennis geneem van die eksterne faktore om die land se toekoms te beskerm
- Onafhanklikheid van Namibië en Angola
- Enige ander relevante antwoord

**Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante samevatting saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com